CHARLIZE THERON

18 November 2022

Ek het vandag amper in my Boeretroos verstik toe ek oor die radio 'n baie bekende aktrise hoor sê het dat Afrikaans besig is om uit te sterf...dat daar net 44 Afrikaanssprekendes, van my soort mense, mense wat dieselfde taal as ek praat, in die wêreld oor is. Terloops, Boeretroos is koffie, Charlize. Jy doop jou beskuit daarin. Soos toe jy nog 'n kind was in Benoni. Dit doen jy terwyl jy oor die draadloos na bekende kunstenaars soos Koos du Plessis, Laurika Rauch, Johannes Kerkorrel, Theuns Jordaan, Ricus Nel, Bernice West, Steve Hofmeyr of enige van die ander meer-as-44-Afrikaanse kunstenaars luister. Salig op die oor is my moedertaal. My opregte verskoning aan die ander duisende Afrikaanse kunstenaars wat ek uitgelaat het: die koerant laat net vir my 'n beperkte aantal woorde om my sê te sê.

Op 'n goeie dag weet ek darem ook nou al geruime tyd dat ek op die drumpel staan van my 44ste verjaarsdag, so die ironie én nagevolge om 1 van 44 eiesoortiges te wees, het my nie ontgaan nie.

My eerste gedagte was om die kalender te gaan opsoek en seker te maak ek bevind my nie in 'n soortgelyke situasie soos Oom Leon Schuster in Sweet 'n Short nie. Helaas, toe nou nie. Dis vandag die 17 de November 2022. Ek het nie my kop gestamp en in die toekoms wakker geword nie. Ek sal vir altyd vandag se datum onthou. Dit is die dag wat ek iemand groter twak hoor kwytraak het as die huidige ANC regering. Dít gebeur amper nooit nie, dit daar gelaat: dis 'n heel ander gesprek daardie...

Om te sê daar is net 44 mense wêreldwyd oor wat Afrikaans magtig is, is soos om te sê al 44 Amerikaanse state het vir Donald Trump gestem, of al 44 Afrika lande gaan binnekort dieselfde geldeenheid gebruik, of mense word met 44 tande gebore. All Gold gebruik 44 tamaties in hul tamatiesous. Koningin Elizabeth het vir 44 jaar regeer. Jacob Zuma het 44 kinders.

Uit die aard van die saak is nie een van bogenoemde stellings waar nie (ons vermoed Jacob het meer kinders). Anders sou ons geagte Minister Nzimande mos ook gefouteer het om Afrikaans onlangs as 'n erkende inheemse taal te verklaar het? Hoe kan hy so iets doen as die taal binnekort heeltemal gaan uitsterf?

Om te sê daar is net 44 mense wêreldwyd oor wat Afrikaans magtig is, is om die nalatenskap van Boerekrygers wat vir hul taal en land gesterf het in die Boereoorlog, te ontken. Om die ontberinge te ontken van gesinne en families wat kaalvoet oor die Drakensberge getrek het, opsoek na 'n beter toekoms weg van Engelssprekende onderdukkers. Meer onlangs om die werk van organisasies soos Afriforum en Solidariteit te ignoreer. Hoekom sou hulle 'n universiteit bou net vir 44 mense? Hemel, ek is seker nie almal van hulle wil werklik weer (of nog) student wees nie!

As daar net 44 Afrikaanssprekendes was, sou daar doodse stilte gewees het oor die voorgestelde naamveranderinge met betrekking tot die Afrikaanse Taalmonument, daar was nie. Daar was ongekende druk uit verskeie oorde wat dit teengestaan het. Afrikaans het weer begin ontwaak.

Ons kan van twee kante na Me Theron se stelling kyk en probeer vasstel hoekom sy so kontroversiële stelling sou wou maak. Onwillekeurig dink ek dat sy dalk in die nabye toekoms 'n fliek gaan bekendstel en blootstelling dringend nodig het. Sy het lanklaas 'n goeie fliek gemaak. Vandag het sy egter gemaak dat baie haar gevloek het. Enige blootstelling is egter goeie blootstelling in haar bedryf.

Die ander vermoede het by my ontstaan dat sy heimlik met 'n organisasie soos die FAK, ATKV of Rapportryers saamwerk (verskoon my asseblief Dr Langner vir my volgende woorde, maar ek sal spoedig verduidelik waarnatoe ek beweeg met hierdie stelling). Alhoewel hierdie al te veel na 'n samesweringsteorie klink, behels hierdie samewerking dan juis om die Afrikaanse mense goed de bliksem in te maak sodat hulle vir 'n slag kan saamstaan en veg vir hulle taal. So eintlik moet ons dankie sê vir Me Theron, want sy kry dit reg om die Afrikaanses deur die bank te verontwaardig en terselfde tyd juis die klem op Afrikaans se groei te plaas. As die teorie waar is, het dit beslis gewerk.

Daar word gelukkig dan sommer onmiddellik die spot gedryf met Me Theron se gewraakte uitlatings. Die Afrikaner laat nie op hom wag om die beste van 'n slegte situasie te maak nie. Feite oor die ontstaan van Afrikaans en hoeveel mense deesdae die taal praat, is volop. Ons moet dankie sê vir tegnologie. Dit is ook nie die punt wat ek wil maak nie. As daar net 44 Afrikaanses oor is, wat soek duisende mense jaarliks op 16 Desember by die Voortrekkermonument, Bloedriviermonument en ander terreine? Sekerlik nie die Engelse wat opruk om een of ander veldslag te herdenk nie?

Jy moes onlangs die 44 mense by Afrikaans is Klein se konserte in Tannie Hanna se agtertuin beleef het! Die organiseerders het miljoene spandeer om kunstenaars op te lei om woorde te "lip-sync". Gelukkig het die geld van 'n reuse-tender gekom om die uitsterf van die taal te verhoed. Elke sent van die R44 miljoen wat gespandeer is, was die moeite werd.

Sy het 'n swak stelling gemaak en ons probeer verkleineer, maar as daar nou een ding is wat jy nie doen nie, is dit om vir 'n Afrikaner te sê hy praat 'n baster taal. Dit maak van hom die onderdorp se hond (underdog vir die wat nie Afrikaans verstaan nie). Afrikaners gooi nie handdoek in as hy eers dit genoem word nie.

Charlize, jy vergeet heeltemal te maklik waar jou wortels lê. Dit is ongelooflik dat 'n taal so vinnig agteruit gegaan het in die kort tydjie wat jy oorsee jou heil gaan soek het? Jy laat dit klink amper asof jy die behoeder was van Afrikaans? Dat dit begin uitsterf het toe jy landuit is? Hoe moeilik moes dit nie vir jou gewees het, toe jy ver-Engels het en Afrikaanse woorde vir jou flieks van vooraf moes leer nie? Bygesê, ek hoor dwelms in Hollywood is volop, tyd weg van jou ware huis kan jou daarnatoe dryf en jou snaakse dinge laat sê. Ek hoop nie dis die geval by jou nie, Charlize?

Ander Afrikaanse akteurs wat dit al groot gemaak het in Hollywood, het lig gesien en wel terug gekom Suid-Afrika toe. Hulle moet sekerlik tel onder die 44 wat jy uitgesonder het? Een van hulle het toevallig 'n Afrikaanse reeks vir Netflix gemaak. Hoe dom van Netflix om reekse te ontwikkel vir 'n gehoor van slegs 44? Absolute mors van geld. Geen wonder hul inkomste is aan't taan nie...

Onwillekeurig flits Spur en Dischem se handelsmerke deur in my gedagtes as voorbeelde wanneer daar op 'n sekere groepering se regte getrap word. Jy sal mos nie daarvan weet nie. Dis egter nie net wit mense wat Afrikaans praat of magtig is nie en mense wêreldwyd lééf in Afrikaans. Mense leer tot Afrikaans oor die internet in Rusland! Trots Afrikaanse handelsmerke is volop. Die taal groei, jongmense soek 'n tuiste waar hulle hul taal kan uitleef sonder om polities verdruk te word. Jy,

Charlize, het vandag daardie slapende reus genaamd "soeke na 'n Afrikaanse identiteit" wakker gemaak.

Ek dank jou daarvoor. Die Rapportryers dank jou daarvoor, die FAK, ATKV en ander Afrikaanse handelsmerke. Jy is amazing! Stupid, maar amazing...

#1van44
David Fensham
Rapportryerraadslid – Noord-Wes
Rapportryerbeweging